# BWAV NUUS

*HIERDIE IS DIE NUUSBRIEF VAN DIE BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIEVERENIGING UITGAWE 2/2015*

## KREMETART VERSAMELSTUK SKIETDAG 30 MEI 2015

*U as versamelaar word uit genooi na ons spesiale Kremetart Versamelstuk skietdag op 30 Mei 2015, te Masada skietbaan. Die aktiwiteite begin om 10h00. Bring die hele gesin dit is 'n dag vir almal!!*

*Die 100m, haelgeweer asook 'n handwapen baan is beskikbaar. Kom geniet 'n paar skote met u versamelstuk.*

*In die Lapa is 'n verkooptafel, indien u items of wapens het wat u wil verkoop, kom pak dit uit. Persone wat graag items wil uitstal is baie welkom, kontak Daleen by 014 743 2174 om spasie te verseker*

*Kom ons kuier saam en gesels wapens na afloop van die verrigtinge. Bring 'n vleisie, eetgerei, 'n stoel, ietsie om te drink en ons kuier lekker saam ! !*

## LIEF EN LEED

*Mnr Neels Malan het sy been ernstig beseer, ons wens hom 'n spoedige herstel toe.*

*Mnr Daniel Pieter Pretorius, 'n oud lid van die BWAV wat oor die 99jaar oud was, is onlangs oorlede.*

*Mev Leonie Stratford het 'n rugoperasie ondergaan, sy sterk tans tuis aan.*

*Baie geluk Schalk (B032) en Rynali Wessels met die geboorte van hulle eersteling – 6 Mei 2015*

*Die President – Theron en Bets Wessels, het vir die 4de keer Oupa en Ouma geword. Baie geluk ook aan hulle.*

## NUWE LEDE

Baie welkom in ons geledere!

Cobus Kriel B216
Carlos Tavares B394
Henlou Fourie B395
Denis Leisegang B396
Colin Anthony Tomsett B397
Hugo Truter B398
Jan Janse van Rensburg B399
Jacques Kruger B400
Elbie Kruger B401
Bianca Pretorius B402
Peet van der Walt B403
Tokkie Du Toit B404
Bouts Botha B405
Sarila Alfred B406

## UITNODIGING

*Nooi u vriende saam na ons lekker aktiwiteite, dalk vind hulle dit so aangenaam dat hulle wil deel word van die BWAV. Maak net seker dat hulle die gasteregister voltooi.*

## ! ! 10% AFSLAG OP GEMERKTE PRYSE ! !

By BOUWER BROERS in Pretoria is daar afslag deur Chris Schutte beding vir lede van die BWAV. 10% afslag kan verkry word deur net 'n geldige BWAV ledekaart tesame met positiewe identifikasie (vuurwapen/ bestuurders lisensie/ ID ens.) te toon. Hierdie voorwaarde is geldig vir alle gemerkte pryse van alle artikels in die winkel behalwe op fietse, tente en die hervul van gas. Bouwer Broers is 'n reeds lank gevestigde familie besigheid wat reeds langer as 65 jaar besigheid doen. Hulle hou die volgende items aan teen goeie pryse:

- Wapens
- Ammunisie
- Messe en messlypers
- Hengeltoerusting
- Kampeer toerusting
- Tente
- Fietse

Hulle winkel is geleë in wat voorheen Voortrekkersweg was, en nou verander is na Steve Biko weg net noord van die kruising met Fredrika straat aan die regterkant. Let ook op vir ons BWAV embleem aan die voorkant van die winkel. Wanneer u kans kry loer gerus in by hulle winkel vir flink diens en raad. Indien u ammunisie wil aankoop, sal dit beter wees om hulle vooraf te kontak om te bepaal wat beskikbaar is.




## ONS BENODIG BAAN OFFISIERE

Mnr. Theron Wessels is aangewys as die sameroeper van die Baanoffisier-komitee. **Daar sal Saterdag, 16 Mei 2015 om 10h00 te Masada Skietbaan, 'n Baanoffisier vergadering gehou word met die doel om 'n Baanoffisier voorsitter te verkies. Ons versoek alle Baanoffisiere om hierdie vergadering by te woon.**

Ons poog om die data van die Baanoffisiere volledig op rekord te hou.
Alle baanbeamptes en voornemende Baanbeamptes, wat nog as baanoffisiere betrokke wil wees kan die aangehegde dokument voltooi en aan die kantoor terug besorg.
Voornemende Baanoffisiere kan hulle studie materiaal by die kantoor afhaal. 'n Teoretiese Baanoffisier eksamen word beplan gedurende Junie 2015. Die datum sal weer aan u deurgegee word.
Die praktiese eksamen word beplan vir 21 Augustus 2015 die middag 14h00 tot 16h00 en die evaluering sal plaasvind op 22 Augustus 2015 tydens die sport skiet.

## *HERNUWING VAN LISENSIES*

Gaan asb. die vervaldatums op u lisensies gereeld na. Die Wet op vuurwapen beheer bepaal dat u 90 dae voor u lisensie verval moet herlisensieer. Indien die nuwe wysigings op die vuurwapen wet geïmplementeer word, sal daar boetes gehef word.

## *JAGTERS FORUM*

*Twee Jagters Forum vergaderings was gehou op 17 Maart en 7 April 2014. Op albei hierdie vergaderings is ons BWAV verteenwoordig deur Chris Schutte.*

*Tydens hierdie vergaderings was die onderwerpe wat bespreek is, die Wysigingswetsontwerp op vuurwapenbeheer en die probleem rondom vervalste "Vaardigheid sertifikate" wat by die SAPD ingedien is ter verkryging van 'n Bevoegdheid sertifikaat, wat 'n vereiste is om 'n vuurwapen lisensie te verkry.*

*Met 'n spanpoging en 'n rondomtalie dinkskrum e-pos stelsel is daar baie sinvolle teëvoorstelle geformuleer wat ingedien is aan die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie, mnr. A Soman Hierdie voorstelle sal nou oorweeg word, na die Kabinet verwys word en dan na die Parlement vir die wysiging indien nodig. Indien die wysigings wetsontwerp goedgekeur word sal die bestaande Regulasies daarna aangepas en word en dan in die Staatskoerant publiseer.*

*Twee lede van die jagters forum nl. mnr. Stephen Palos en me. Adri Kitshoff het aan die Spitsberaad op Vuurwapens wat in die Parlement gehou is, deelgeneem. Tydens hierdie spits beraad is daar 'n baie belangrike stelling gemaak, "The Deputy Minister stated (in reply to a question from Stephen) that the Government does not have an agenda to disarm firearm owners."*

*As gevolg van die omvang van inhoud van al hierdie inligting kan dit nie volledig in hierdie nuusbrief geplaas word nie, maar is beskikbaar om aan u gestuur te word indien verlang.*

## VERSAMELAARS AKTIWITEIT 11 APRIL

Ons wil baie dankie sê aan die Versamelaars wat deelgeneem het aan die aangename "wys en vertel". Dankie vir almal se deelname. Lede wat uitgestal het: Charl van Rooyen; Charles Bresler; Charles White; Chris Schutte; Coen Weilbach; Francois Scheffer; Jan van der Merwe; Japie Spanio; Johan Kloppers en Johann Snyman

Tydens die Versamelaars aktiwiteit van 11 April 2015 het die versamelaars teenwoordig die voortbestaan van die versamelaar van die jaar kompetisie bespreek. Verskeie briljante voorstelle is gemaak en almal was dit eens dat 'n kompetisie nie pas by versamelaar status nie. Ons moedig alle Versamelaars aan om versamelaars aktiwiteite by te woon en deel te neem aan die "wys en vertel". Lede wat uitstal gedurende versamelaars aktiwiteite sal aan die einde van die jaar, gedurende die Prestige aand, sertifikate ontvang vir deelname.

## TOEGEWYDE JAGTERS

Om Toegewyde Jagter Status te behou, moet die lid 'n opbetaalde lid van die BWAV bly , aan Drie aktiwiteite elke jaar deelneem en bewyse van jag geleenthede vir die jaar inhandig of bewyse van skiet byeenkomste by ander verenigings. Daar moet 'n Toegewyde Jagter Jaarverslag vorm voltooi word en terug besorg word aan die kantoor voor 30 November 2015. Toegewyde Jagters word herinner daaraan om wanneer hulle jag, die volgende dokumente te bewaar as bewys van jag. Dit word ingedien saam met u verslag aan die einde van die jaar:

- Toestemming van die plaaseienaar
- Lisensie / Jagpermit
- Vervoerpermit waar nodig

Stuur ook u jag foto aan. Ons bewonder dit graag met 'n bietjie jaloesie.

## ! ! MEMORABILIA ! !
## *DRA MET TROTS ONS EMBLEEM*

Verskeie items met die BWAV embleem is beskikbaar by die kantoor of tydens skietdae by Masada. Kom kyk gerus daarna.

### BAIE DANKIE EN GELUKWENSING

Ons President mnr Theron Wessels het groot sukses behaal met die verhuring van advertensie spasie by Masada. 'n Baie groot bedrag is reeds bekom nadat hy besonder baie moeite gedoen het om dit te bewerkstellig. Hierdie fonds insameling inisiatief het reeds die R 10 000-00 merk verbygesteek.
**Baie geluk en dankie aan ons President!**

## DIE RES VAN DIE JAAR SE PROGRAM 2015:

| | |
|---|---|
| 16 Mei 2015 | **Vlakteskiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 30 Mei 2015 | **Kremetart Versamelstuk Skietdag** |
| 22 Augustus 2015 | **Sportskiet:** handwapens, haelgewere, .22, jaggewere tot 100 m<br>**Versamelaars aktiwiteit:**<br>Versamelaars bring haelgewere.<br>12 September 2015 **Prestige skiet**, Kompetisie skiet met jaggewere. |
| 10 Oktober 2015 | **Sportskiet**: handwapens, haelgewere, .22, jaggewere tot 100 m<br>**Versamelaars aktiwiteit:**<br>Versamelaar van die Jaar kompetisie en uitstalling. |
| 20 November 2015 | **Prestige aand** |
| 21 November 2015 | **Span skiet** (4 skuts per span – skryf eie span in) Skiet 9 rondtes per skut. |

**BELANGRIK:**

Alle skiet aktiwiteite vind plaas te **MASADA SKIETBAAN** vanaf 08h00 tot 14h00. Tydens kompetisies mag net met jaggewere, en nie met skyfskietgewere, geskiet word nie.

**VERSAMELAARS AKTIWITEITE is van 10h00 tot 11h00 by die lapa. Bring versamelstuk/ke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae, met versamelstukke kom skiet.**

---

## 'N BROKKIE UIT DIE VERLEDE

Die BWAV het tot stigting gekom op 27 Junie 2001.

***Die stigters lede***




**Agter vlnr:** Mnre. Theuns van der Walt, Riaan Bothma, Fred Earle, Franco Rossouw, Lou Joubert, Jan Bondesio
**Voor vlnr:** Mev Louise Jooste Mnre. Jan Kroep, Anton Venter, Joe Geyer, Theron Wessels

### ADVERTENSIE SPASIE
### GESOEK / TE KOOP / TE RUIL

**Adverteer u jag geleentheid, wil u items verkoop of ruil, is u op soek na daardie spesiale artikel? Maak gebruik van hierdie geleentheid om dit te adverteer. Die koste vir so 'n advertensie per blok van 10 x 8cm is R50.00 per plasing per uitgawe. Kontak gerus ons kantoor vir meer inligting. Instansies en nie lede van buite ons vereniging is ook welkom om van die aanbod gebruik te maak! Onthou hierdie advertensie verskyn ook op ons webblad www.bwav.co.za d.m.v. hierdie nuusbrief.**

**GESOEK: Jong foksterriër hondjie – verkieslik reuntjie. Skakel 082 464 2596.**

### PROJEK: ADVERTENSIE BORDE

**Die advertensie bord projek vorder baie mooi en wil ek voorlopig dankie se aan lede wat reeds positief gereageer het.**

**Ons sal ook bly wees indien u nie-lede en/of besighede sal werf om ons te ondersteun. Die koste vir 'n lid beloop R800.00 per jaar en vir 'n nie-lid R1 200.00 per jaar vir 'n tydperk van Drie jaar.**

**Voorskrifte en voorwaardes is beskikbaar by die kantoor.**

### ONTHOU DIE VOLGENDE BELANGRIKE INLIGTING:

- Indien u 'n gas saam nooi na enige aktiwiteit moet die persoon asb. die **Gasteregister** volledig invul en ook die nodige vrywaring teken.
- Tydens alle skiet aktiwiteite wat deur die BWAV aangebied word, sal die Baanoffisiere op die skietpunte al die skuts versoek om hul **wapen lisensies te toon**, voor hul wapens uitgehaal mag word. Streng kontrole sal hieroor gehou word.

## Ons gaan 'n nuwe kompetisie aanbied, spesiaal vir .22 gewere!

*Ons bied hierdie kompetisie aan vir alle BWAV lede!*
*Dit word beplan om groot pret te wees vir die hele gesin, pa, ma, oud en jonk, almal kan deelneem!*
*Dit is 'n jaarlikse kompetisie en almal kan die hele jaar lank dit geniet!*
*Hierdie kompetisie word spesiaal ingestel, om 'n goedkoper deelname daar te stel, om te voorsien vir die huidige ekonomiese klimaat deurdat, .22 ammunisie nog bekostigbaar is.*
*Sien die ingeslote jaarprogram vir 2015 vir die datums van die kompetisie*

### Wat behels die .22 kompetisie?

'n Deelnemer moet 'n lid wees van die BWAV.

'n Deelnemer moet in staat wees om sy/haar wapen veilig te kan hanteer, en weet hoe om dit te gebruik.

Die kompetisie vind plaas op al die Sportskiet geleenthede, behalwe wanneer daar net met jag gewere geskiet word. Weens die uitleg van die Masada baan, sal dit nie kan plaasvind tydens die Bosveldskiet, Vlakteskiet, Prestige skiet en Span skiet kompetisies nie.

'n Deelnemer skaf 'n teiken aan by die baan beampte wat diens doen by die .22 skietbaan teen R 5-00. Vul dan besonderhede van die deelnemer in op die teiken; naam, lid nommer en datum.

Die teiken is 'n gewone papier teiken, nie 'n dier-teiken nie.

Wanneer dit die beurt is vir 'n deelnemer om te skiet, en die baanbeampte verklaar die baan veilig, dan plaas die deelnemer self die teiken in die teiken stander en kan met toestemming van die baanbeampte daarop skiet.

Deelnemers skiet vyf skote op die teiken. Indien 'n deelnemer voel dat hy/sy beter kan doen, skaf hy/sy weer 'n teiken aan vir R 5-00 en probeer weer. Deelnemers kan op een Sportskiet dag soveel teikens skiet as wat verkies word om te probeer om sy/haar telling te verbeter.

Wanneer 'n deelnemer klaar geskiet het, besluit die deelnemer self watter teiken hy/sy wil inhandig. Beide die deelnemer en die baanbeampte, teken daarby en handig dit in vir die deelnemer se punte totaal aan die einde van die jaar. Dit word nou op lêer geplaas en bewaar vir die bepaling van die trofeewenner wat die wissel trofee tydens die Prestige aand sal ontvang.

'n Deelnemer mag enige standaard.22 geweer gebruik, asook u eie ammunisie van u keuse. Skyfskiet of spesiaal aangepaste kompetisie wapens, of .22 Magnums word nie toegelaat nie.

Deelnemers mag van die tafel tipe mikstanders wat voorsien word gebruik maak, of indien verkies kan die vrystaande skietposisie ook aangewend word.

Indien deelnemers eers hulle wapen wil instel, sal daar fasiliteite daarvoor beskikbaar wees op een van die ander .22 bane, wat beskikbaar gestel word vir die doel.

Vir bepaling van die wenner van die wissel trofee, word die punte van al die ingehandigde teikens van elke deelnemer opgetel. Die lid met die meeste punte is dan die wenner. Indien 'n deelnemer 'n Sportskiet dag mis, gaan dit die totaal van hy/sy punte nadelig beïnvloed en die kans om die trofee te verower nadelig beïnvloed.

Indien daar aan die einde van die jaarlikse kompetisie, deelnemers met dieselfde punte eindig, sal die wissel trofee gedeel word.

**Fooie wat betaal word vir die teikens sal gebruik word vir .22 baan verbeterings.**

## DIE MEESTERJAGTER

**'n Jagter word eers 'n meester**
**Na jare van ondervinding en liefde vir die jag**
**Die vermoë en kuns om te oorleef te bemeester**
**En geduldig uiteindelik op erkenning te wag.**

**Want die duurste prys wat jy betaal is die les**
**Vir die remedie as jy jou prooi sou kwes**
**En die skuld op die katlagter te plaas**
**Wat kwansuis steurend sy skaterlag in jou ore blaas.**

**Jag is nie maar net 'n sport waarop jy jou gene prys;**
**Dit is 'n leefwyse waarop jy jou liefde en agting bewys**
**Vir dit waaroor die Skepper jou aangestel het om te regeer**
**En so van Sy wette van die natuur te leer.**

**As meesterjagter het hy die beste kans**
**Want hy hou al vier A's in sy hand.**
**En halwe die *alfabet* van mens en dier se doen en late**
**Is sy *akkuraatheid* van sig en hand sy beste bate.**

**Kennis van die *anatomie* van jou prooi**
**Stel jou in staat om jou vermoëns te ontplooi**
**Maar dit is die *adrenalien* wat die dryfkrag is tot die daad,**
**Jou moedig maak vir jou taak, paraat en kordaat.**

**Wild is die edel keur van die diere van die veld**
**Wat hul as die kroon daarvan laat geld.**
**Wild is die katalisator van die veld se gras**
**Tot die volhoubaarheid van die wonder gewas.**

**Want aan die einde van die dag**
**Is dit die trofee wat op erkenning wag**
**Vir 'n mooi en edel gesig uit die diereryk**
**En herinnering aan dier en jagter wat nooit sal wyk.**

***Opgedra aan Fred Earle vir sy groot liefde vir die jagveld.***
***Deur oom Swannie Swanepoel, Naboomspruit.***
***April 2015.***

## VAN DIE PRESIDENT

Daar is reeds baie kommentaar en kritiek gelewer op die voorgenome wysigings van die Vuurwapen en Ammunisie Wet en dink ek nie dit is nodig om al die geldige kritiek en besware hier te herhaal nie.

Ek het 'n artikel met die titel "Gun owners in firing line 2015/04/17" onder oë gehad.
Claire Taylor, die woordvoerder vir "Gun free South Africa" het o.a. die volgende statistiek gebruik in haar campaign vir 'n "gun free South Africa":

1. Volgens die Polisie se jaarlikse verslag, word aangetoon dat tussen 1994 en 2014 omtrent 350 000 vuurwapens as verlore of gesteel aangemeld is deur lede van die publiek en Polisie. Dit is 'n gemiddeld van 17 500 vuurwapens elke jaar, overgesetsynde 48 vuurwapens per dag gedurende die afgelope 20 jaar.
2. Claire Taylor reken dat sedert die implementering van die Vuurwapen en Ammunisie Wet (Wet 60 van 2000) was daar 'n konstante en stadige afname in sterftes waarin vuurwapens 'n rol gespeel het.
3. Claire Taylor gaan verder en beweer dat statistiek aantoon dat 18 mense daagliks gedood word d.m.v. vuurwapens. Tereg sê sy dat 18 per dag 'n baie hoë syfer is, nie te min neem hierdie sterftes steeds toe sedert 2011 en skryf sy dit toe aan die oneffektiewe implementering van die Wet.
4. Taylor beweer dat gedurende die periode tussen 2001 en 2014, Agt keer meer vuurwapens deur die publiek as verlore of gesteel aangemeld is as deur die Polisie.
5. Taylor beweer ook dat in 2013/2014 die publiek 18 vuurwapens per dag aanmeld as verlore of gesteel en die Polisie 2 vuurwapens per dag.
   My kommentaar is eenvoudig dat daar baie meer vuurwapens per capita deur die publiek besit word as deur die Polisie. Tweedens moet 'n mens skepties staan teenoor enige statistiek wat deur die Polisie verskaf word, soos onlangs in die pers gerapporteer t.o.v. plaasmoorde.
6. Die voorgestelde wysigings Wet het o.a. ten doel om die bewyslas na die Vuurwapen eienaar te verskuif om bo redelike twyfel te bewys dat hy in alle opsigte bevoeg is dat 'n lisensie vir 'n Vuurwapen aan hom uitgereik word. Voorheen was dit die staat se plig en bewyslas om te bewys dat 'n persoon nie bevoeg was om 'n vuurwapen te besit nie.
7. Taylor en ook Martin Hood ('n Prokureur wat in Vuurwapen Wet spesialiseer) verwys na die onbevoegdheid van die Polisie om elektroniese data te ontvang en te verwerk wat deur vuurwapen handelaars deurgegee word. Welke data bedoel was "to pick up any unusual paterns".
8. Ek haal die volgende passasie uit die artikel aan "Gun control by police around the country has been an ongoing problem for years. Only last month Deputy Police Minister Maggie Sotyu described the Central Firearms Registry in Pretoria as "horrendous" and "dysfunctional and in constant decay". Dit, sover dit die artikel betref.

Dit val vreemd op dat ek nêrens statistieke kan vind t.o.v. vuurwapens wat deur wettige vuurwapen lisensie houers a.g.v. hulle nalatigheid, verlore nie. Hierdie aspek word altyd gekoppel aan Vuurwapens wat "verlore" raak a.g.v. kriminele optrede. Ek dink die statistiek behoort ook uitgebrei te word na die verskeie soorte vuurwapens (handwapens, jaggewere, haelgewere, semi- en outomatiese gewere).

Hoe mens ook al daarna wil kyk, moet ons aanvaar dat ons wettige vuurwapen eienaars, die plig het om met groot nougesetheid na die bewaring van ons vuurwapens om te sien en deurgaans te onthou dat ons altyd onder skoot sal kom deur die anti- vuurwapen organisasies.

Ek wil elke lid en eienaar van 'n gelisensiëerde vuurwapen versoek om, indien hulle enigsins 'n vuurwapen deur nalatigheid verloor en/of in 'n huisbraak, diefstal of roof, dit by die BWAV kantoor aan te meld ten einde ons eie statistiek op te bou wat ons vorentoe tot ons voordeel kan gebruik.

Ek is trouens van mening dat elke geakkrediteerde vuurwapen organisasie in die land, miskien dieselfde moet doen.

Groete van kluis tot kluis

Theron Wessels
President

**INDIEN U INLIGTING , 'N NUUSBROKKIE OF MENING MET ONS WIL DEEL, STUUR DIT ASB AAN:**
**DIE VOORSITTER, BWAV.**
**DIE E-POS VIR DIE KANTOOR IS:**
bosveldwapenenammunisie@gmail.com

**Geniet die res van Mei maand.**
**Sien u almal op Masada.**
**BWAV Groete**
**Bestuur**

# BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIE VERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054
Jagtersvereniging – Reg No. 1300105
Geaffiliëer by NAACCSA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT, 0560
TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 3813
Webtuiste: www.bwav.co.za
E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## AANSOEK OM AS BAANOFFISIER TE REGISTREER OF OPGELEI TE WORD

VOLLE NAAM EN VAN: ______________________________

I.D. NOMMER: ______________________ (Heg afskrif aan) BWAV lid no: ____________

WOONADRES: ______________________________

POSADRES: ______________________________

E-POS ADRES: ______________________________

SELFOON NO: ______________________ HUIS TEL. NO: ______________________

Antwoord asb. die volgende vrae deur die regte antwoord te merk:

Stel u belang om as baanoffisier vir die BWAV op te tree? [Ja] [Nee]

Het u enige ondervinding as baanoffisier? [Ja] [Nee]

Is u 'n gekwalifiseer baanoffisier? (Heg afskrif aan) [Ja] [Nee]

Indien ja, waar het u gekwalifiseer, datum van kwalifisering, waar het u opgetree as baanoffisier?

______________________________

Hoe beskikbaar sal u as baanoffisier wees? [Gereeld] [Af en toe] [1 of 2 keer 'n jaar]

Wat is u huidige status by die BWAV? [Gewone lid] [Versamelaar] [Toegewyde Jagter]

Is u 'n opbetaalde lid van die BWAV? [Ja] [Nee]

Het die BWAV al dissiplinêr teen u opgetree? [Ja] [Nee]

Het u enige kriminele veroordeling? [Ja] [Nee]

Indien ja, gee besonderhede? ______________________________

Is u al ooit onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit? [Ja] [Nee]

Geteken te ______________________ op hierdie ______ dag van ______________________ 20____.

______________________
Handtekening van Applikant